# GESKIEDENIS EN STAATSLEER

**P de Klerk**
*Potchefstroomse Universiteit vir CHO*

Tussen die vakke Geskiedenis en Staatsleer bestaan daar reeds baie lank 'n nou verband. Die uitspraak *history is past politics and politics present history* is vroeër deur baie historici en staatsleerkundiges aanvaar[1] en word waarskynlik vandag nog deur sommige historici, veral van die ouer garde, gehuldig. Terwyl talle historici tot diep in hierdie eeu die politieke geskiedenis as hul eintlike studieterrein beskou het, het hulle kollegas in die politieke wetenskappe weer die historiese metode as hul vernaamste metode van ondersoek gebruik. In die neëntiende en vroeë twintigste eeue was Staatsleer dan ook aan verskeie, veral Britse en Amerikaanse, universiteite met Geskiedenis in 'n gesamentlike leerstoel of departement verbind.[2]

In die afgelope halfeeu het Staatsleer in sy metodologie wegbeweeg van Geskiedenis, terwyl in die Geskiedkunde die aksent vanaf politieke en gebeuregeskiedenis na sosiaal-ekonomiese en struktuurgeskiedenis verskuif het. Tog bestaan daar nog baie raakpunte tussen die twee vakke en is daar veral in die heel jongste tyd 'n nuwe besef by sowel historici as Staatsleerkundiges van die waarde wat kennisname en gebruikmaking van mekaar se navorsingsmetodes en -resultate vir albei vakke het. Die noodsaak van interdissiplinêre navorsing word in albei dissiplines aangevoel en die besef dat die tradisionele verdeling tussen die vakwetenskappe, elk met sy eie terrein en metodes, 'n beperkende faktor is om ons huidige samelewing in al sy kompleksiteit te bestudeer, kom na vore onder beide historici en Staatsleerkundiges.[3] Waar ons as historici ook die moontlikhede van aanvullende metodes en groter samewerking met buurwetenskappe wil ondersoek, is 'n nadere blik op die Staatsleer, sy ontwikkeling, terrein en metodes, dus wenslik. Wat hier volg is 'n baie kursoriese verkenning deur 'n historikus met weinig geskooldheid in die Staatsleer en is slegs bedoel as inleiding tot 'n gesprek waaraan Staatsleerkundiges hopelik self ook later sal deelneem.

Vooraf wil ek nog meld dat ek die term Staatsleer gebruik in aansluiting by die heersende gebruik in Suid-Afrika, hoewel die term in Nederland en Duitsland tans in onbruik is en daar van *Politicologie* en *Politische Wissenschaft*[4] gepraat word, terwyl in die Engelstalige wêreld die benaming *Political Science* die algemene is. Hoewel die ontwikkeling wat studieterrein en metode betref in die verskillende lande nie oral heeltemal parallel verloop het nie, is daar tans tog 'n groot mate van internasionale kon-

---

R Jensen: History and the political scientist, in SM Lipset (red): *Politics and the social sciences*, New York, 1969, p. 1.

Vgl. Jensen, a.w., pp. 1–2 en WA Robson: *The university teaching of social sciences: political science*, UNESCO, 1954, pp. 131–136. Aan die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) word die twee vakke vandag nog in een departement ondergebring.

Vgl. PJJS Potgieter: *Die sogenaamde post-behavioralistiese rewolusie: 'n oplossing vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer?* Potchefstroom, 1979 (ongepubliseerde proefskrif), veral p. 234 e.v.

4. 'n Ouer werk wat reeds in 1921 verskyn het maar nog in 1960 weer herdruk is, naamlik G Jellinek se *Allgemeine Staatslehre* (Bad Homburg), gebruik nog die ouer benaming. Meer resente werke wat die term *Politische Wissenschaft* gebruik, is onder meer CJ Friedrich: *Die Politische Wissenschaft*, Freiburg/München, 1961 en OH von der Gablentz: *Einführung in die Politische Wissenschaft*, Keulen/Opladen, 1965.

sensus oor die aard en inhoud van die vak, wat ook vir die Suid-Afrikaanse Staatsleer geld.

## Die ontwikkeling van die vak Staatsleer

Vakwetenskappe met aparte metodes en velde van ondersoek wat deur professionele wetenskaplikes aan universiteite en institute bestudeer word, is 'n verskynsel wat net tot die vorige eeu terugstrek. Eers vanaf die laat negentiende eeu is daar sprake van 'n selfstandige wetenskap bekend as Staatsleer. Tog is wetenskaplike denke en navorsing oor die staat al baie oud. Die klassieke Griekse denkers het hulle reeds vanaf die sesde eeu voor Christus met die staat besig gehou, en in dié sin kan Staatsleer as een van die oudste wetenskaplike dissiplines beskou word.[5] Die ou Grieke was veral geïnteresseerd in normatiewe vrae aangaande die staat. Hoe behoort die ideale staat daaruit te sien en wat behoort die individu se houding teenoor die staat te wees? Aristoteles het ook ondersoek gedoen na die staatsvorme wat in sy tyd voorgekom het en sistematiese vergelykinge en klassifikasies gedoen. In die Romeinse tyd en ook in die Middeleeue het die beskouinge van Plato en Aristoteles gesaghebbend gebly. Terwyl die Grieke die staat (polis) as die sentrale samelewingsverband gesien het, was die kerk, as die instelling waardeur die mens ewige saligheid verwerf, vir Middeleeuse denkers soos Thomas van Aquino die vernaamste samelewingsinstituut. Die staat is eintlik net as 'n hulpinstelling tot die kerk gesien en het nie 'n belangrike rol in die Middeleeuse filosofie gespeel nie. Die ontwikkeling van die Regswetenskap in die later Middeleeue was tog van groot belang vir die Staatsreg en daarmee vir die Staatswetenskap in die algemeen.[6]

Tydens die Renaissance is daar weer heelwat aandag aan die staat, sy wese, eienskappe en vorme, gegee. N. Machiavelli se *Il Principe* was 'n baanbrekerswerk oor die regeerkuns en die internasionale politiek, terwyl Jean Bodin se beskouinge oor staatsoewereiniteit 'n belangrike teoretiese basis vir die absolute monargie van die sewentiende en agtiende eeue gevorm het. Onder invloed van die natuurregleer is die beskouing dat die staatsgesag berus op 'n vrywillige ooreenkoms tussen die lede van 'n samelewing om 'n owerheid daar te stel deur, onder meer, John Locke en Jean Jacques Rousseau gehuldig. Hiermee is kritiek uitgeoefen op die teorie van staatsabsolutisme, en is die konstitusionele parlementêre regeringsvorm, waarvan die Britse monargie van die agtiende eeu as voorbeeld beskou is, as die ideale staatsvorm voorgehou. Die staat is nog hoofsaaklik van 'n filosofiese en juridiese oogpunt beskou. Eers in die negentiende eeu is gepoog om die staat teen 'n wyer agtergrond te bestudeer en aandag aan geografiese,[7] ekonomiese, sosiale en ander faktore gegee. Professionele akademici aan universiteite het navorsing oor die staat begin doen. Hierdie mense was dikwels nog nie voltydse Staatsleerkundiges soos hulle vandag voorkom nie, maar juriste, soos Robert van Mohl (1799 – 1875), een van die belangrikste grondleggers van die Staatsleer, en sosioloë soos Max Weber (1865 – 1920) wat ook baie aandag aan politieke verskynsels bestee het.

Teen die einde van die negentiende eeu is Staatsleer aan talle universiteite gedoseer, hoewel soms nog as onderafdeling van of in kombinasie met ander vakke.[8]

---

Vgl. Jellinek, a.w., p. 53.

*Ibid.*, p. 57.

Die invloed van geografiese omstandighede op elke land se regeringstelsel en wette is reeds in die agtiende eeu deur baron de Montesquieu in sy beroemde werk *Esprit des Lois* na vore gebring.

Vgl. Robson, a.w., pp. 131 – 136.

Veral in die V.S.A. het Staatsleer vroeg reeds as aparte wetenskap voorgekom en die Columbia-universiteit het teen 1900 selfs 'n fakulteit Politieke Wetenskappe gehad waarin Staatsleer saam met verwante sosiale wetenskappe en Publieke Reg gedoseer is.[9] Aan ander Amerikaanse universiteite was Staatsleer 'n belangrike departement wat heelwat studente getrek het. Vandag is Staatsleer in ten minste 70% van die universiteite in die V.S.A. 'n eie departement, terwyl dit in die orige universiteite met Geskiedenis of 'n ander sosiale wetenskap verbind is.[10] In Groot-Brittanje is daar ook aan verskeie universiteite 'n Staatsleerdepartement, en veral aan die Universiteite van London en Oxford neem die vak 'n belangrike plek in.[11] In Frankryk word Staatsleer hoofsaaklik in die Regsfakulteite aangebied, maar daar is aan 'n aantal universiteite ook aparte institute vir politieke wetenskappe, waarin die kursusse oor staatkundige onderwerpe wat in die verskillende fakulteite aangebied word, gekoördineer word.[12] In Duitsland is daar na die Tweede Wêreldoorlog aan die meeste universiteite leerstoele in Staatsleer ingestel, wat soms in die Regsfakulteit of soms onder Ekonomiese Wetenskappe ressorteer.[13] In die kommunistiese lande, veral die Sowjet-Unie, Pole en Joego-Slawië, word Staatsleer vandag ook as 'n aparte dissipline gedoseer.[14] Onder beskerming van UNESCO is in 1948 'n International Political Science Association opgerig wat hom sterk daarvoor beywer om Staatsleer oral in die wêreld te bevorder. Vandag is daar waarskynlik politieke wetenskaplikes in die meeste lande van die wêreld. Volgens die werk van Robert Cord e.a.[15] is daar tans meer Staatsleerkundiges in die V.S.A. as in alle ander lande van die wêreld saam en word die oorgrote deel van Staatsleernavorsing in Amerika gedoen. Ook uit ander werke oor die geskiedenis van die vak[16] wil dit voorkom dat, hoewel die oorsprong daarvan in Europa lê, die V.S.A. reeds vanaf die vroeë twintigste eeu 'n dominerende rol in die ontwikkeling van hierdie wetenskap speel.

In Suid-Afrika kom Staatsleer reeds sedert die twintigerjare van hierdie eeu as 'n kursus aan universiteite en universiteitskolleges voor. Sover ek kon vasstel, is dit veral aan Unisa en sy destydse samestellende kolleges, veral Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Rhodes dat Staatsleer gedoseer is, dikwels in noue verbinding met ander vakke soos Geskiedenis, Ekonomie en Sosiologie.[17] Aan die Potchefstroomse Universiteitskollege was bekende figure soos Totius en J.C. van Rooy in die vroeë jare vir die dosering van Staatsleer verantwoordelik, terwyl L.J. du Plessis as die eintlike grondleg-

---

SM Lipset, Politics and the social sciences: an introduction, in SM Lipset (red): *Politics and the social sciences,* New York, 1969, p. x.

10. Robson, a.w., pp. 132–133.
11. *Ibid.*, p. 132.
12. *Ibid.*, pp. 131–132.
13. *Ibid.*, pp. 135–136.
14. RL Cord, JA Medeiros en WS Jones: *Political science: an introduction*, New York, 1974, pp. 34–35.
15. Cord, Medeiros en Jones, a.w., p. 34.

Friedrich, a.w., veral pp. 311–443; Jensen, a.w.; NA Graebner: History and politics, in MB Parsons (red): *Perspectives in the study of politics*, Chicago, 1968, pp. 38–62.

17. M Boucher: *The University of the Cape of Good Hope and the University of South Africa, 1873–1946*, Pretoria, 1974 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jaargang 35 no. 1), pp. 118, 223; JS du Plessis: *Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys*, 1919–1951, Potchefstroom, 1975, p. 108; persoonlike mededeling deur prof. CP van der Walt.

ger van die vak aldaar beskou kan word.[18] Aan die Universiteit van Pretoria was prof. E.F.W. Gey van Pittius van 1935 tot 1966 hoof van die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie en een van die eerste beoefenaars van albei hierdie dissiplines in Suid-Afrika.[19] Aan die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch word Staatsleer nog maar enkele dekades lank as 'n aparte vak gedoseer hoewel kursusse in Staatsfilosofie daar al langer bestaan. Aan die Universiteit van Natal (Pietermaritzburgkampus) is Staatsleer vandag nog saam met Geskiedenis in een departement verenig. In verskeie Staatsdepartemente word naas kursusse in Staatsleer ook Publieke Administrasie en Internasionale Politiek aangebied. Die Universiteite van Potchefstroom en die Witwatersrand het elk selfs 'n aparte departement van Internasionale Politiek.

Gedurende sy ongeveer honderdjarige bestaan as aparte vak kan in die Staatsleer verskillende strominge en skole onderskei word en daarmee saam verskille in metodologiese benaderinge. Onder invloed van veral Max Weber en die Duitse Staatsleer is die historiese en ideaaltipiese metodes in die beginjare van hierdie eeu algemeen aanvaar. Weber het noukeurige, gedetailleerde ondersoek na ooreenstemmende verskynsels in verskillende kulture gedoen en deur diê vergelykende ondersoek 'n algemene beeld van 'n verskynsel soos byvoorbeeld die politieke partywese gevorm. So 'n algemene beeld of ideaaltipe het hy dan gesien as 'n middel om die konkrete werklikheid beter te leer ken. In ooreenstemming met filosowe van die neo-idealistiese rigting het hy geglo dat daar geen vaste wette vir die menslike kultuur en samelewing soos vir die natuur bevind kan word nie, maar dat die mens en sy kultuur steeds in sy uniekheid en daarom veral langs die weg van die historiese metodes verstaan moet word. Die sosiale wetenskappe soos die Staatsleer moet dus ook hierdie metodes gebruik en kan deur vergelykinge hoogstens ideaaltipes vorm as 'n weg om besondere verskynsels, ook wat die staat en politiek aangaan, beter te leer ken.[20] Noukeurige waarneming en beskrywing van staatsinstellinge en later ook van politieke partye, politieke drukgroepe, ensovoorts, was die heersende metode in die Staatsleer in die eerste dekades van hierdie eeu, ook in die V.S.A. waar meestal na hierdie rigting in die Staatsleer as *institutionalism* verwys word.[21]

Die reaksie teen *institutionalism* en die ontstaan van *behavioralism* as nuwe rigting in die Staatsleer het in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog in die V.S.A. begin onder leiding van Charles E. Merriam (1874—1953). In 'n strewe om van die Staatsleer 'n eksakte wetenskap te maak wat wetmatighede in die samelewing kan opspoor, is aansluiting gevind by die Psigologie en het die opvatting ontstaan dat die Staatsleer 'n besondere vorm van menslike gedrag, naamlik politieke gedrag, moet bestudeer. Die behavioralisme gaan uit van die beskouing dat vaste reëls oor die mens se gedragspatrone gevorm kan word en dat sy gedrag in verskillende situasies op grond daarvan verklaar kan word.[22] Staatsleerkundiges het teorieë wat in die Psigologie en Sosiologie gevorm is, toegepas om die optrede van mense in gesagsposisies of as kiesers

8. In die veertiger- en vroeë vyftigerjare was die twee Geskiedenisdosente aan die PUK, prof. DW Krüger en mnr (later prof.) JS du Plessis, ook vir die aanbieding van Staatsleer verantwoordelik, terwyl twee latere hoofde van die Staatsleerdepartement, proff. CP van der Walt en JJ van Tonder in die vyftiger- en sestigerjare ook met die aanbieding van Geskiedenis gehelp het.

Vgl. CF Nieuwoudt: Huldeblyk aan prof. EFW Gey van Pittius, *Politikon* 1(2), Des. 1974, pp. 2—3.

20. Vgl. Friedrich, a.w., pp. 341—374.

21. Kyk byvoorbeeld Cord, Medeiros en Jones, a.w., pp. 35—37.

22. Vgl. Jensen, a.w., pp. 3—4 en Friedrich, a.w., pp. 409—443.

beter te probeer begryp en het ook die metodes van die ander sosiale wetenskappe oorgeneem; gevallestudies, statistiese vergelyking en kwantifisering het nou belangrike metodes van die Staatsleerkundige geword, wat al meer na eksaktheid gestreef het: "A high value is placed on the ability of research to explain and predict political occurrences without the interference of value judgements, and there is a constant concern for precision in research techniques."[23] Hoewel hierdie rigting veral in Amerika ontwikkel het, is ook in ander lande daarby aangesluit en dit kan as die tans nog heersende rigting in die internasionale Staatsleer beskou word.

In die jongste dekades het daar 'n reaksie ingetree teen die behavioralisme in die Staatsleer. Veral die positiwistiese siening dat die wetenskap in uitgangspunte en oogmerke vry van waardes kan en moet wees, word tans bevraagteken, en neo-Marxistiese skrywers beywer hulle vir 'n Staatsleer wat meer krities ingestel is teenoor die bestaande samelewing. Hulle meen dat die behavioralistiese Staatsleer 'n instrument geword het om die bestaande samelewing te bestendig en wil van die Staatsleer eerder 'n middel maak om die samelewing te verander en so 'n beter wêreld tot stand te bring. Hoewel daar tans van 'n krisis in die behavioralistiese Staatsleer gepraat kan word,[24] is daar nog nie 'n duidelike nuwe rigting wat die plek van die behavioralisme ingeneem het nie. In 'n poging om die beperkings van die behavioralistiese metodes te oorkom, word wel teruggegryp na die historiese metode en weer groter aandag gegee aan noukeurige bestudering van politieke verskynsels binne 'n wyer konteks.[25]

## Die terrein en metodes van Staatsleer

In die Staatsleerhandboeke word verskillende indelings van die terrein en inhoud van die vak gemaak.[26] Ook in leerplanne aan universiteite, soos UNESCO se oorsig oor die onderrig van Staatsleer[27], kom 'n verskeidenheid van afdelings voor. Hoewel die aksent in hierdie leerplanne soms net op bepaalde onderdele van die vak val, verskyn die volgende afdelings meesal in een of ander vorm daarin:

- staatsfilosofie en -teorie;

- die regeringstelsel, waarby die grondwet, die landsregering, streeks- en plaaslike regering, openbare administrasie, die ekonomiese en sosiale funksies van die regering en vergelykende staatsinstellings as verdere onderafdelings onderskei kan word;

- partye, groepe en openbare meningsvorming (hierna word veral in Duitsland dikwels as Politieke Sosiologie verwys);

- internasionale verhoudinge, insluitende internasionale politiek, internasionale organisasies en volkereg.[28]

---

Cord, Medeiros en Jones, a.w., p. 38.

24. Kyk Potgieter, a.w.

25. *Ibid.*, pp. 360–362.

Vgl. bv. Gablentz, a.w.; Cord, Medeiros en Jones, a.w.; Jellinek, a.w.; J Barents, *De wetenschap der politiek*, sGravenhage, 1952.

27. Robson, a.w., pp. 183–203.

28. *Ibid.*, p. 183.

Die Staatsreg, wat hier ontbreek, vorm 'n grensgebied met die Regswetenskap. Die studie van openbare korporasies en semi-staatsinstellings vorm 'n terrein wat grens aan die ekonomiese wetenskappe, terwyl die politieke dinamika of Politieke Sosiologie, waarna hierbo verwys is, baie naby aan die Sosiologie en Sosiale Psigologie staan. Die studie van die internasionale politiek kan weer moeilik losgemaak word van internasionale ekonomie, strategiese studies en eietydse wêreldgeskiedenis. Soos reeds in die vorige afdeling aangedui, word Internasionale Verhoudinge en Publieke Administrasie in Suid-Afrika dikwels as aparte vakke aangebied. Ontwikkelingsadministrasie, wat die bestuur en administrasie van minder ontwikkelde volksgroepe bestudeer, en eintlik 'n onderdeel van Publieke Administrasie uitmaak, word ook aan sommige Suid-Afrikaanse universiteite as 'n aparte vak gedoseer.

Uit die bogenoemde indeling en die aangehaalde handboeke blyk duidelik dat die Staatsleer hom feitlik slegs besig hou met die eietydse samelewing, in besonder die Westerse samelewing en hoogstens met die heel resente verlede. Vergelykende studies van staatstelsels uit die vroeëre geskiedenis, soos dié van Eisenstadt en Wittfogel[29] is eerder uitsondering as reël. Ook die politieke en konstitusionele geskiedenis word hoofsaaklik aan die Geskiedeniswetenskap oorgelaat. Hoewel onder invloed van die behavioralisme die waarde van die geskiedenis dikwels baie laag gewaardeer word, is daar egter ook baie staatsleerkundiges wat die noodsaak van historiese studie ter agtergrond vir kennisvorming van politieke verskynsels in die huidige tyd terdeë besef.[30]

Wat die metodes van die Staatsleer betref, het dit hierbo reeds na vore gekom dat hoofsaaklik van metodes wat oorgeneem word uit ander wetenskappe gebruik gemaak word en dat daar eintlik nie van tipiese staatsleermetodes sprake is nie. Tog kan dit insiggewend wees om kortliks te let op die algemene sosiaalwetenskaplike metodes wat in die Staatsleer gebruik word. Hierdie metodes word, soos reeds aangedui, hoofsaaklik binne die denkkader van die behavioralisme aangewend. In 'n ouer werk, soos dié van Jellinke[31], word die historiese, ideaaltipiese en juristiese metodes (laasgenoemde hoofsaaklik net vir die Staatsreg) as enigste metodes van die Staatsleer aangedui. 'n Meer resente Amerikaanse handboek[32] onderskei vier metodes, naamlik:

*Eksperimentele ondersoek*

Hierby word onderskei tussen laboratoriummetodes, waarby 'n bepaalde politieke situasie kunsmatig geskep en die gedrag van die deelnemers dan bestudeer word, en veldwerk, waar 'n werklike situasie volgens wetenskaplike standaarde ondersoek word. "For example, the political scientist may want to determine the influence of the League of Women Voters on voter turnout. The researcher would choose two or more communities, attempting to "match" communities on all important variables that he expects to have an impact on voter turnout, except the variables under study. Thus, ideally, he would have two communities of similar population, in-

29. SN Eisenstadt: *The political systems of empires*, New York, 1963; KA Wittfogel: *Oriental despotism a comparative study of total power*, New Haven, 1957.
30. Vgl. JJ van Tonder: Staatsleer, in P de Klerk (red): *Die geskiedenis in die wetenskap*. Potchefstroom 1976, pp. 101–110.
31. Jellinek, a.w., pp. 25–52.
32. Cord, Medeiros en Jones, a.w., pp. 41–44.

come, and racial background, except that one would have an active League of Women Voters chapter and the other would not. Then, if it is found that voter turnout is higher in the first community than the second, the conclusion would be that the women's organization was probably influential in this community".[33]

2. *Vergelykende studie*

Hoewel dit as minder presies en betroubaar as die vorige metode beskou word, is dit makliker uitvoerbaar. 'n Groot getal gevalle kan deur statistiese metodes vergelyk word en generalisasies op grond daarvan gemaak word. Ook kan 'n kleiner aantal voorbeelde meer intensief vergelyk word. Die keuse van gevalle moet uiteraard so gedoen word dat hulle verteenwoordigend is van die verskynsel wat bestudeer word.

3. *Gevallestudie*

'n Enkele situasie word ondersoek en afleidinge op grond daarvan gemaak. Dit is eintlik die ouer, beskrywende metode waar gegewens ingewin word deur direkte waarneming, onderhoudvoering, ensovoorts.

4. *Historiese analise*

Dit is die historiese metode, dus die bestudering van verskynsels uit die (resente) verlede deur dokumentestudie. Aangesien hier van getuienisse gebruik gemaak moet word en direkte waarneming hier nie moontlik is nie, word die metode in die bogenoemde handboek as minder wetenskaplik beskou wat hoogstens aanvullend tot ander gebruik kan word.

Op die tegnieke van onderhoudvoering, statistiese verwerking van data, ensovoorts, wat by hierdie metodes aangewend word, gaan ek nie in nie. Dit gaan hierby eintlik eerder om metodes van die Statistiek as van die sosiale wetenskappe.

**Die verhouding tussen Geskiedenis en Staatsleer**

Terwyl Staatsleer in sy beginjare as aparte wetenskap 'n sterk historiese benadering gehad het, het dit 'n noue band met die vak Geskiedenis behou. Richard Jensen[34] wys daarop dat sommige van die grondleggers van die Amerikaanse Staatsleer in die vroeë twintigste eeu as historici opgelei is. Die bekende historikus Charles Beard was tegelykertyd ook 'n politieke wetenskaplike en een van die eerste voorsitters van die

33. *Ibid.*, p. 42.
34. Jensen, a.w., pp. 1–2.

American Political Science Association.[35] Die invloed van die behavioralisme in die Staatsleer het dit egter vir hom al moeiliker gemaak om albei vakke te bly beoefen. Hy het wel sover gegaan om 'n historiese benadering tot die Staatsleer prys te gee en op kontemporêre aspekte gekonsentreer, maar met die strewe om aan die Staatsleer 'n meer eksakte, natuurwetenskaplike karakter te gee, kon hy hom nie versoen nie. "Research under scientific formulas in things mathematically measurable or logically describable leaves untouched a vast array of driving social forces ... yielding to the analysis of no systematics", het Beard verklaar.[36] Hy het hom uiteindelik slegs op die vak Geskiedenis toegespits.

Die verskil in wetenskaplike metodologie, benadering en uitkyk tussen Geskiedenis en Staatsleer het so groot geword dat die twee wetenskappe van mekaar af wegbeweeg het. Terwyl die historikus met sy konkrete, individualiserende benadering weinig belangstelling gehad het vir die abstraksies, generalisasies en kwantifikasies van die Staatsleer (en ander sosiale wetenskappe), het die politieke wetenskaplikes die gedetailleerde beskrywinge van historici beskou as van weinig waarde, en hoogstens bruikbare materiaal om hipoteses te soek wat dan deur navorsing volgens hul eie metodes bewys moes word.

'n Verandering in die verhouding tussen Staatsleer en Geskiedenis, is in die eerste plek meegebring deur 'n nuwe benadering onder historici. F.A. van Jaarsveld het in onlangse werke[37] uitgebreid gehandel oor die verandering wat die Franse *Annales*skool in die Europese geskiedbeoefening gebring het. Dit het veral 'n verskuiwing vanaf gebeuregeskiedenis na struktuurgeskiedenis en daarmee ook van politieke na sosiaal-ekonomiese geskiedenis meegebring. Hoewel die *Annales*skool die klem agtereenvolgens op ekonomiese, sosiale en antropologiese geskiedenis gelê het, en nie besondere aandag aan politieke strukture gegee het nie, het hulle tog ook bygedra om die aandag van wisselende politieke gebeure na die meer blywende politieke instellinge te verskuif. Hulle het ook voortgebou op die analitiese benadering in die Franse geskiedskrywing wat reeds in die negentiende eeu by figure soos N.D. Fustel de Coulanges en A. de Tocqueville voorgekom het. De Tocqueville se klassieke werk, *La dêmocratie en Amerique*, kan as 'n belangrike analise van die demokrasie as politieke verskynsel beskou word.

Ook in die V.S.A. was daar gedurende die twintigste eeu belangrike verskuiwinge ten opsigte van sowel die metodologie as studieterrein van die geskiedkunde. Daar is gepoog om sosiaal-wetenskaplike metodes en tegnieke te gebruik aanvullend tot die tradisionele metodes, om te vergelyk en te generaliseer en om meer analities as bloot beskrywend te werk te gaan. In die politieke geskiedenis het dit tot 'n nuwe benadering gelei, waarin gepoog is om breër, dieperliggende patrone te ondersoek. In die woorde van Samuel P. Hays: "Conventional political history has been so preoccupied with the outward and formal, the episodic, the unique and the individual that

35. *Ibid.*, p. 12.
36. Soos aangehaal in Jensen, a.w., p. 12.
37. *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*, Pretoria/Kaapstad, 1980; *Wie en wat is die Afrikaner?* Kaapstad, 1981; Objek en metode in die wetenskap van geskiedenis, 1825—1980, *Historia*, XXVII(1), Mei 1982.

it has failed to draw attention to some of the most significant developments of our political past. The assumptions of that outlook have limited and narrowed our vision rather than illuminated and expanded it. They have separated us from the very thing with which we should be most concerned: the determination of those broad patterns of continuity and change which arise out of the network of social relationships established in the course of history".[38]

In 'n artikel oor die verhouding tussen Staatsleer en Geskiedenis[39] dui N.A. Graebner aan hoedat jonger historici wat hulle met die Amerikaanse politieke geskiedenis besig hou, onder invloed van konsepte wat in die Staatsleer gevorm is, werke gelewer het waarin die kompleksiteit van die Amerikaanse politieke ontwikkeling beter tot sy reg gekom het as in ouer studies. So is byvoorbeeld nou baie meer faktore aangemerk wat die Founding Fathers, wat verantwoordelik was vir die opstel van die Amerikaanse konstitusie, beïnvloed het, en is die insig in die ontstaan en ontwikkeling van die Amerikaanse regeringstelsel verruim. Dit wil voorkom of die historici se gebruikmaking van Staatsleermetodes in hul eie navorsing in 'n groot mate daarop neerkom dat die wyse waarop Staatsleerkundiges politieke verskynsels van die resente verlede ondersoek, deur historici op hulle navorsing oor die verder verwyderde verlede toegepas word. Richard E. Beringer, in sy werk oor nuwe benaderinge tot die Geskiedkunde[40], bespreek byvoorbeeld ook kwantitatiewe metodes om "voter behavior" en "legislative behavior" te analiseer, twee sake waaraan in die Staatsleer baie aandag gegee word. Beringer verwys dan na resente studies van historici ten opsigte van stemgedrag en oor die optrede van lede van die Amerikaanse Kongres in die negentiende en vroeë twintigste eeu.

Die kloof tussen Geskiedenis en Staatsleer wat veral in Amerika voorgekom het, het, sover ek kon vasstel, in Suid-Afrika nie so sterk na vore gekom nie. Dit is waarskynlik in belangrike mate daaraan te danke dat veral onder Afrikaanstalige Staatsleerkundiges die historiese benadering steeds gehandhaaf is.[41] Verskeie politieke wetenskaplikes soos E.F.W. Gey van Pittius, W.A. Kleynhans, R.J. Kriek, C.F. Nieuwoudt en J.J. van Tonder het werke met 'n historiese strekking gelewer.[42] Verhandelinge en proefskrifte oor die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis word in Staatsleerdepartemente geskryf,[43] en dit is soms moeilik om 'n duidelike onderskeid in benadering tussen historici en Staatsleerkundiges aan te dui. Dit lyk of gebeuregeskiedenis by albei groepe wetenskaplikes voorkom, hoewel veral by die historici. Terwyl in die Staatsleerwerke primêre bronne miskien nie altyd so deeglik en volledig benut word soos in die Geskiedenisproefskrifte nie, word daarin tog in groter

---

38. Soos aangehaal in Graebner, a.w., p.45.
39. Graebner, a.w.
40. RE Beringer: *Historical analysis: contemporary approaches to Clio's craft,* New York, 1978.
41. Vgl. die beskouing van CF Nieuwoudt: Die staatkundige ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse historiografie, in G Cronjé (red): *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie,* Pretoria, 1967. pp. 3–4.
EFW Gey van Pittius: *Staatsopvattings van die Voortrekkers en die Boere*, Pretoria, 1941; WA Kleynhans: *Politieke strominge en verantwoordelike bestuur in Transvaal, 1905–1909.* Ongepubl. M.A.-verhandeling, U.P., 1952; DJ Kriek: *Die bydrae van die Transvalers tot die staatsvorm van die Unie, 1908–1909.* Ongepubl. M.A.-verhandeling, U.P., 1958; CF Nieuwoudt: *Die ontstaan en ontwikkeling van die uitvoerende gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek*, Kaapstad, 1964; JJ van Tonder: *Die naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse politiek vanaf unifikasie tot 1915, met besondere verwysing na beleids- en partydifferensiasie.* Ongepubl. proefskrif, PU vir CHO, 1976.
Bogenoemde werke van Kleynhans, Kriek, Nieuwoudt en Van Tonder is enkele voorbeelde daarvan.

mate van algemene konsepte gebruik gemaak en meer gepoog om hooflyne uit te lig. In dié opsig kan historici heelwat van hul Staatsleerkollegas leer en kan interdissiplinêre samewerking moontlik goeie resultate lewer.

Hoe behoort die verhouding tussen die twee vakke daaruit te sien? Watter rol kan die metodes en teorieë van die Staatsleer in werke van historici speel? 'n Waterdigte skeiding tussen die twee vakke is uiteraard onmoontlik en op die gebied van die politieke en konstitusionele geskiedenis (veral die eietydse geskiedenis) is oorvleueling onvermydelik en waarskynlik ook wenslik. Om onnodige duplisering uit te skakel is samewerking beslis belangrik, en kennis van die Staatsleer is vir 'n historikus wat hom op hierdie terrein begewe van groot belang. Dit is feitlik vanselfsprekend dat vertroudheid met teorieë wat in die Staatsleer ontwikkel is oor, onder meer, politieke gedrag die historikus net kan help om groter insig in historiese gebeurtenisse en ontwikkelinge te bekom. Gebruikmaking van die metodes van die Staatsleer om die toepassing van sulke teorieë op situasies in die verlede te toets, kan ook net die kwaliteit van sy werk verhoog. Dit bly egter noodsaaklik dat die historikus 'n kritiese ingesteldheid teenoor hierdie teorieë behou en nie die filosofiese veronderstellinge waarop hierdie teorieë gebou is uit die oog verloor nie. Die konsepte van die Staatsleer behoort vir hom, myns insiens, hoofsaaklik te dien as 'n middel om nuwe probleemstellinge en hipoteses te vorm wat hy dan met sy eie metodes kan ondersoek. Die metodes van die Staatsleer kan ook, waar die studiemateriaal hom daartoe leen, aanvullend tot die gewone historiese metodes gebruik word. Aanwending van sulke metodes behoort natuurlik net te dien om die historikus se metodologiese middele uit te brei en nie om hul "meer wetenskaplik" te maak nie. Aangesien die Staatsleerkundige meer vertroud is met sy eie metodes as wat die historikus daarmee is, is interdissiplinêre samewerking by historiese onderwerpe waar sulke metodes vrugbaar aangewend kan word beslis gewens. Die politieke en konstitusionele geskiedenis bied daarom ruim geleentheid vir samewerking tussen historici en Staatsleerkundiges.

Terwyl dit in die studie van die politieke en konstitusionele geskiedenis veral om studie van historiese onderwerpe gaan waarby die Staatsleer waardevolle hulpdiens kan verrig, is daar ook terreine waar Staatsleer 'n leidende en Geskiedenis 'n meer ondersteunende rol kan speel. In alle Staatsleeronderwerpe waar historiese metodes toegepas word, kan historici, synde die beste vertroud met hierdie metode, waarskynlik van hulp wees. Interdissiplinêre projekte waarby 'n politieke proses vergelykend bestudeer word met die hulp van historici wat kenners is van die besondere velde wat vergelyk word, is al aangepak, soos byvoorbeeld die studie van Karl W. Deutsch oor politieke unifikasie.[44]

In Suid-Afrika is, sover aan my bekend, geen belangrike interdissiplinêre projekte van hierdie aard onderneem nie, maar dit lyk of daar ruimte is vir samewerking op veral die gebied van die politieke eietydse geskiedenis. Ook in ander projekte, byvoorbeeld vergelykende studies van staatstelsels waarby modelle ontwerp word wat vir Suid-Afrikaanse omstandighede geskik is, kan beide groepe geleerdes saamwerk en kan historici veral die besondere agtergrond en omstandighede waarin elke stelsel ontstaan en ontwikkel het, na vore bring. Indien ons as geesteswetenskaplikes in Suid-Afrika in die toekoms betekenisvolle bydraes wil lewer tot ons kennis en begrip van die wêreld waarin ons leef, sal ons moet leer om in veel groter mate saam te werk as wat tans die geval is.

44. KW Deutsch, e.a.: *Political community in the North Atlantic area*, Princeton, 1957. Vgl. die bespreking van hierdie projek in P de Klerk: *Geskiedenisvergelyking. Die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is op generalisasie in die geskiedkunde*, Potchefstroom, 1973, pp. 137–145.